
# God se Seëninge (1)





**2022-01-02**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

## Inleiding

- God hou daarvan om te seën.
- Kondisies
- Hy is lankmoedig – maar tot op 'n punt
- Hy het ons kom seën deur Sy Seun Jesus Christus te stuur.

Ps 103:8 The LORD *is* merciful and gracious, slow to anger, and plenteous in mercy.

Ps 103:8 Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

# Skriflesing: Deut 28:1-14

Deu 28:1 As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.
Deu 28:2 En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.
Deu 28:3 Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.
Deu 28:4 Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.
Deu 28:5 Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.
Deu 28:6 Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.
Deu 28:7 Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.
Deu 28:8 Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee.
Deu 28:9 Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel.
Deu 28:10 En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.

# Skriflesing: Deut 28:1-14

Deu 28:11 En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.
Deu 28:12 Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.
Deu 28:13 En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen,
Deu 28:14 en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.

# God se Kondisies



# 1. God se kondisies

Deu 28:1  As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.
Deu 28:2  En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.

- Luister na die stem van die Here.
- Wees gehoorsaam
- Wees spesifiek en versigtig om God se woord na te kom.
- Hy sal jou verander.
- Die seëninge sal jou inhaal (en verbysteek).

## 1.1 God se kondisies: Sy stem

Deu 28:1 As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel,

- Luister na die stem van die Here.
  - Jy sal Hom moet hoor
  - Sal God se Woord moet lees
  - Sal moet bid
  - Sal die byeenkomste van gelowiges moet bywoon
  - Sal Sy Gees moet leer ken.
  - Verhouding bou

## 1.2 God se kondisies: Sy gebooie

Deu 28:1 As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel,

- Doen wat God vir jou sê.
  - God se gebooie ("commandments")
  - Leer Hom ken deur die Woord – wat was Sy instruksies deur die eeue.
  - Die gebooie en woorde van Jesus

Joh 13:34 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.

## 1.3 God se kondisies: Stap op Sy pad

Deu 28:9 Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel.

**"Ons volg Jesus Christus, die lig van die wêreld, deur te wandel soos kinders van die lig."**

- In Sy weë wandel
  - Ken die pad van die Here.
  - Leef in die manier wat Jesus as voorbeeld gestel het ("walk in His ways").
  - Mens spring nie tussen paaie nie. ('n Pad lei iewers heen).
  - Daar is 'n nou pad en 'n breë pad – kies.

## 1.4 God se kondisies: Wyk nie af nie

Deu 28:14 en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.

- Kyk nie regs of links nie
  - Vreemde gode
  - Daar gaan versoekings op jou pad wees.
  - Hoe sterk gaan jy staan.
  - Jou geloof
  - Wapenrusting
  - Vrug van die Gees

# Details van die seëninge



## 2.1 Details van die seëninge: Waar jy beweeg of woon

Deu 28:3 Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.
Deu 28:6 Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.

- Waar jy woon of werk.
- Waar jy reis
- Waar jy jou bevind.
- Ons het die Here nodig om elke hoek en draai (ingaan en uitgaan).
- Totale afhanklikheid van Hom.

## 2.2 Details van die seëninge: Vrug van liggaam en hande

Deu 28:4 Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Deu 28:11 En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.

- Jou kinders en kleinkinders
- Die werk wat jy doen
- Jou jaarlikse benodighede





## 2.3 Details van die seëninge: Basiese hulpbronne

Deu 28:5 Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.



- Daaglikse benodighede
- Voedsel
- Kos en klere
- Bly bid daarvoor elke dag soos Jesus ons geleer het.
- Dit kan maklik weggblaas word....

Hag 1:9 Julle het uitgesien na baie, en kyk, dit het min geword; en julle het dit in die huis gebring, maar Ek het dit weggeblaas. Waarom? spreek die HERE van die leërskare. Ter wille van my huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop.

## 2.4 Details van die seëninge: Beskerming

Deu 28:7 Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.

- Veiligheid
- Aanslae van die vyand (bose)



## 2.5 Details van die seëninge: Alles wat jy doen

Deu 28:8 Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee.

- Wat jy maak en doen
- Waar jy jou bevind – wees net op die plek (land) waar die Here jou wil hê.
- Die Here gebied/beveel ("command") die seëninge oor jou.

## 2.6 Details van die seëninge: Kinders van die Here

Deu 28:9 Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel.
Deu 28:10 En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.

- Jy sal uitstaan as Christen en kind van die Here
- God soek steeds heiligmaking
- Word nie gelyk aan die wêreld nie.
- Kan die wêreld sien dat Jesus in jou leef?

## 2.7 Details van die seëninge: Bonatuurlike

Deu 28:12 Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.

- Dit wat net God kan gee (skatkamer van die hemel)
- Reën
- Wonderwerke
- Jy sal genoeg hê om aan ander te leen.

## 2.8 Details van die seëninge: Meer as oorwinnaar

Deu 28:13 En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen,

- Jy sal heers oor sonde
- Meer as 'n oorwinnaar oor die vyand en omstandighede.
- Selfs oor siekte kan jy outoriteit neem in Jesus Christus.

## 3. Soek eers die Koninkryk van God

Mat 6:26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?
Mat 6:31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?
Mat 6:32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.
**Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.**
Mat 6:34 Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

# Nagmaal






Joh 5:13
Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.

1 Kor 11:23

“Doen dit tot my gedagtenis”

# AGS Rayton se Visie

“Ons volg Jesus Christus, die lig van die wêreld, deur te wandel soos kinders van die lig.“



22